Les 6

**31 Oktober tot 6 November*

Meer lesse van die Meesteronderwyser

Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Gen. 3:1–11, Rom. 5:11–19, Gen. 28:10–17, Joh. 1:1–14, Matt. 15:21–28, Mark. 10:46–52.

Geheueteks:

"Jesus sê daarop vir hom: 'Jy kan maar gaan. Jou geloof het jou gered.' Dadelik kon hy sien en het hy op die pad agter Jesus aan gegaan" *(Mark 10:52, AFR83).*

Wie onder ons was nog nooit skaam vir hom- of haarself nie? Wie van ons het nog nooit iets gedoen wat pynlike herinneringe bring as ons daaraan terugdink nie? Of ons laat sak ons koppe in skaamte as ons daaraan dink dat iemand anders weet? Heel waarskynlik sluit dit ons almal in, nie waar nie? Verbeel jou nou hoe dit vir Adam en Eva moes wees nadat hulle die vrugte van die verbode boom geëet het. Of toe Jakob sy vader bedrieg het om hom te seën bo sy ouer broer, sodat hy voor sy broer se woede moes vlug? Hoe het hy snags geslaap? Of dink daaraan as jy die vrou was wat "op heter daad" in owerspel uitgevang is *(Joh. 8:4)*? Dawid het ook al hierdeur gegaan, en in Psalm 32 gee hy op 'n aangrypende wyse uitdrukking aan sy belydenis van hoe dit gevoel het.

Dit is natuurlik een rede waarom die evangelie universeel is, en Christus vir die hele mensdom gesterf het. Al is ons hoe verskillend van mekaar, is daar beslis een ding wat ons saambind: ons algemene sondigheid. Daarom moet Christen-opvoeding ten doel hê om ons in die rigting van die enigste oplossing vir ons haglike toestand te stuur. Hierdie week gaan ons kyk na ons enigste oplossing, ons Leermeester.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 7 November.*

Sondag

1 November

In plaas van wegkruip

Lees Genesis 3:1–11. Waarom sou God vir Adam vra: "Waar is jy?"

Tipiese verhale van die sondeval beskryf die verbode vrug as 'n appel. Maar dis nie wat die teksvers sê nie. Dit was slegs "die vrugte van die boom" *(Gen. 3:3)*. Die vrugtesoort is nie belangrik nie. Om van hierdie boom te eet was verbode, omdat die boom vir iets gestaan het. Dit het gestaan vir die versoeking om God eenkant toe te skuif en te verklaar: "Ek kan my eie lewe bepaal. Ek is my eie God. Ek het outoriteit oor die Woord van God." En sowaar, toe die slang Adam en Eva kon oorreed om van die boom se vrugte te eet, het hulle lewens die pad byster geraak. En toe hulle bewus word van God se teenwoordigheid naby hulle, het hulle probeer om "tussen die bome" weg te kruip *(Gen. 3:8)*. Hoe vreemd is dit dat God vir Adam sou vra: "Waar is jy?" God het tog sekerlik geweet waar hy was. Moontlik het die Here die vraag gevra sodat Adam en Eva kon besef wat hulle besig was om te doen-wegkruip, juis as 'n gevolg van wat hulle verkeerd gedoen het. Dus het Hy hulle eintlik gehelp om die jammerlike gevolge van hulle dade raak te sien.

Lees Romeine 5:11–19 waar Paulus talle kere dit wat Adam in Eden gedoen het, direk verbind met wat Christus aan die kruis gedoen het. Wat behoort dit ons te vertel van die wyse waarop Jesus Adam se verkeerde dade ongedaan kom maak het?

'n Mens kan redeneer dat die verlossingsplan God se reaksie is op Adam en Eva se antwoord. In hulle skaamte en skuldgevoel oor hulle sonde het hulle van God probeer wegkruip, en God het gekom om hulle te verlos. Ons het elkeen op ons eie manier ook dieselfde gedoen, en Jesus het gekom om ons te red. Daarom kan die vraag "Waar is jy?" ook vir elkeen van ons gevra word. Die vraag is dus eintlik waar is jy in jou sonde en skuld, in jou verhouding met Jesus, en wat Hy gedoen het om jou daarvan te verlos?

Ongeag wat Christelike opvoeding insluit, waarom behoort dit ook die feit in te sluit, selfs te beklemtoon, dat ons natuurlike toestand een is waar ons van God wil wegkruip, en ons dan na Jesus rig as die oplossing?

Maandag

2 November

Voortvlugtig

Lees Genesis 28:10–17. Wat is die omstandighede rondom hierdie verhaal, en wat leer dit ons van God se genade vir diegene wat eintlik aan die weghardloop van hulle sondes is?

In sy omgang met die res van die gesin het Jakob, met die hulp van sy moeder, hom gewend tot bedrieglike praktyke, en nou moes hy daarvoor betaal. Sy broer maak gewelddadige dreigemente, en skielik is Jakob 'n voortvlugtige wat by sy oom se blyplek in Haran moet gaan skuiling soek. Alles is nou deurmekaar en onderstebo. Een nag bevind Jakob hom in die duisternis. Hy is in die middel van nêrens, met slegs die hemel bokant hom. Met net 'n klip onder sy kop as 'n kussing, raak hy aan die slaap. Maar sy slaap word meteens onderbreek. Die welbekende droom vind plaas. Die leer, of die stel trappe, wat hy op die aarde sien rus, strek tot in die hemel. Engele daarop bestyg dit en klim dan weer af.

Skielik hoor hy 'n stem wat sê: "Ek is die Here, die God van Abraham." Die stem herhaal die beloftes waarmee Jakob so welbekend was uit sy familieverhale. Jou nageslag sal groot wees. Hulle sal 'n seën wees vir al die nageslagte van die aarde. " 'Onthou een ding, Jakob: Ek is by jou. Ek gaan saam met jou waar jy ook al gaan. Eendag sal Ek jou weer na hierdie plek en hierdie land terugbring. Ek sal jou nie los voordat Ek al my beloftes aan jou waar gemaak het nie' " *(Gen. 28:15, DB)*.

Ellen G. White het geskryf hoe Paulus, heelwat later "Jakob se leer in 'n droom gesien het. Dit het Christus verteenwoordig, wat die aarde en hemel met mekaar verbind het, en die sterflike mens met die onsterflike God. Sy geloof is versterk as hy homself herinner hoe patriarge en profete op die Een vertrou het wat sy ondersteuning en vertroosting is, en vir wie Hy sy lewe gee."—*Die handelinge van die Apostels*, p. 512. Jakob skrik wakker en sê: " 'Waarlik, die Here is op hierdie plek, en ék het dit nie geweet nie' " *(Gen. 28:16)*. Wat hier gebeur het was wonderlik. Hy sal nooit die plek vergeet nie, en gee dit daarom 'n naam. Hierna doen hy 'n gelofte aan God waarin hy sy lewenslange getrouheid onderneem.

Wat kan ons van hierdie verhaal leer hoe God, in Christus, daarna smag om ons te bereik ten spyte van ons sondes? Waarom moet Christelike opvoeding, weer eens, hierdie beginsel voorop hou in dit wat hy onderrig?

Dinsdag

3 November

Rabbi Jesus

Daar is sekerlik nie ‘n bekender opening in die Nuwe Testament as hierdie een nie: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God” *(Joh. 1:1)* Johannes 1 neem mens spoedig na die onvergeetlike vers: “En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid” *(Joh. 1:14)*.

Lees Joh. 1:1–14. Wat deel hierdie teksgedeelte ons mee oor wie Jesus was, en wat Hy hier kom doen het? Wat behoort dit ons te leer oor Jesus as die groot voorbeeld van ‘n onderwyser?

Dieselfde God wat met Adam en Eva in die tuin van Eden gepraat het, en met Jakob in die middel van nêrens, verskyn nou as ‘n persoon. Die Nuwe Testament sê dat God in Jesus gepersonifiseer was. Ons kan van God se wil en God se weg leer omdat Jesus God was. Hierdie hoofstuk gaan voort om te vertel watter meesleurende prediker Johannes die doper was, sodat selfs die godsdienstige leiers in Jerusalem vermoed het dat hy iemand besonders was. Maar hy het die pad vir iemand groter as hyself voorberei. Iets uitsonderlik spesiaals sou binnekort verskyn, en hy, Johannes die doper, sou “nie waardig wees om Sy skoenriem los te maak nie” *(Joh. 1:27)*.

Die volgende dag sien hy Jesus en verklaar dat Hy die “Seun van God” is. Daardie dag, en ook die volgende dag, noem hy Jesus die “Lam van God.” Twee van Johannes die doper se volgelinge besluit ook om Jesus te volg. Wanneer Jesus hulle vra waarna hulle opsoek is, spreek hulle hom aan as “Rabbi” (wat vertaal word as Onderwyser of Meester)” *(Joh. 1:38, DB en AFR53)*.

Jesus is wel ‘n rabbi, ‘n onderwyser, maar daar was nog nooit ‘n aardse onderwyser soos Hy nie, want Hy is God. Met ander woorde, God het na die mensdom gekom in die vorm van ‘n mens, en in daardie vorm funksioneer Hy as rabbi, ‘n onderwyser. Dis daarom geen wonder nie dat Ellen White na Jesus verwys as “die grootste onderwyser wat die wêreld nog ooit gesien het.”—Signs of the Times, 10 Junie 1886. Trouens, hierdie Onderwyser was God self.

As ons in ag neem wie Jesus was, waarom maak dit sin om die beste onderrigmetodes van Hom te neem vir die onderrig van geestelike waarheid? Hoe leer ons van Jesus dat nie net jou woorde nie, maar ook jou optrede, so belangrik is vir onderrig?

Woensdag *4 November*

‘n Vrou praat terug

Jesus is die Meesterleerder. Die ware karakter van God skyn deur Sy onderrig, en ook in Sy lewe. Daarom is een van die evangelieverhale nog merkwaardiger, want dit toon dat wanneer iemand met Jesus terugpraat, luister Hy nog steeds.

Lees die verhaal van Jesus se ontmoeting met ‘n heidin (‘n Kanaänitiese vrou) uit die streek van Tirus en Sidon *(Matt. 15:21–28, Mark. 7:24–30)*. Let op hoe ongeduldig die manne in Jesus se kring met haar is, dat dit amper lyk of selfs Jesus haar wil ignoreer. Hoe voel jy oor die vrou se ‘vermetelheid’? Wat leer hierdie verhaal jou oor Jesus Self, en hoe Hy ander geleer het?

Jesus was naby Tirus en Sidon. Hy het ‘n gebied betree waar vreemdelinge saamgekom het en rassespanning hoog geloop het. Die Griekssprekende stedelinge het neergekyk op die Joodse boere in die buitewyke, maar terselfdertyd het die Jode weer op húlle neergekyk. Nie so lank tevore nie het Herodes, die marionet-goewerneur van Galilea (Jesus se tuisgebied), vir Johannes die doper tereggestel. Maar Johannes was ‘n man wat grotendeels Jesus se visie gedeel het, en die teregstelling het uiters onheilspellend gelyk. Jesus het in die aangesig van die gevaar van Sy sending gekom.

Weens die spanning het Jesus by ‘n huis ingegaan waar Hy, soos Markus vertel, gehoop het om ‘n ruk van alles en almal weg te kom *(Mark 7:24)*. Maar die vrou het Hom gevind. In die kultuur van daardie tyd en plek het die vrou geen reg gehad om haarself te laat geld nie. Boonop het hierdie vrou ook nog aan ‘n kultuur en etniese groep behoort waarvoor die Jode geen ooghare gehad het nie, en dit het haar nog meer in ‘n onbevoorregte posisie geplaas.

Maar die vrou se dogter was siek. Sy was op soek na hulp, en sy het aanhoudend daarvoor gevra. Jesus het haar afgewys. “ ‘Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie,’ ” sê Hy *(Matt. 15:26)*. Hierdie opmerking kon haar gevoelens baie seergemaak het. Maar dan gebeur iets baie besonders. Sy antwoord terug. Sy was bekend met honde- anders as die Jode wat hulle nie as troeteldiere sou aanhou nie- en sy sê: “ ‘Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval’ ” *(Matt. 15:27)*. Haar opmerking maak ‘n verskil. Dit blyk ‘n dwingende antwoord te wees. En Jesus genees haar kind.

“ ‘Laat dit vir jou wees soos jy wil hê’ ” *(Matt. 15:28)*. Wat is die betekenis van hierdie woorde? Hoe reageer ons egter daarop indien dinge nie gebeur soos ons dit graag sou wou hê nie?

Donderdag *5 November*

‘n Student begryp dit

Jesus en Sy volgelinge het in die rigting van Jerusalem beweeg. Net soos Herodes sy oog op Johannes die doper gehad het, het die owerhede, insluitend Herodes, hulle aandag op Jesus begin vestig. Sy volgelinge het die armes en ander kwesbares ingesluit wat desperaat op soek was na verandering. Jesus wou veral hoop aan die wêreld bring. Maar teen hierdie tyd was Hy bykans seker daarvan dat diegene met die meeste mag en voorregte alles in hulle vermoë sou doen om daardie sending te kelder. Hulle wou beslis nie hê dat Hy sukses moes behaal nie.

Die intieme kring van Jesus se leerders, die twaalf dissipels, het geblyk om aan Jesus se kant te wees. Maar terselfdertyd het hulle ietwat oorbluf voorgekom- of blind. In Markus 8:31–33, byvoorbeeld, lees ons dat die Leermeester Sy volgelinge uitdaag om die dinge raak te sien wat vir hulle moeilik is om te sien. Dit het beteken dat hulle eintlik maar nog geestelik blind was vir dit wat werklik saak gemaak het *(lees Mark. 8:37)*. Hierdie dinge is die agtergrond waarteen ons lees van Jesus se ontmoeting met iemand wat wel kan sien.

Lees die verhaal van Jesus en die genesing van Bartimeus, die blinde bedelaar *(Markus 10:46–52.)* Let op die oorvloedige genade wat Jesus betoon. Dink nou daaroor hoe die blinde man se begeerte om te kon sien daartoe gelei het dat hy die besluit neem om Jesus op die pad na Jerusalem te volg. Dink jy Markus probeer ‘n kontras skets tussen Bartimeus en die ander dissipels? Hoe werp hierdie verhaal meer lig op wat dit vir jou beteken om op die Leermeester te reageer?

Bartimeus wou seker graag die krulletjie in ‘n baba se haartjies gesien het, of die kleur van ryp koringare. Maar om te sien behels baie meer as iets fisies. Met ander woorde, hierdie verhaal gaan daaroor om geestelik te sien. Dit gaan daaroor om iets te snap, te verstaan- om te begryp waaroor die Leermeester waarlik gaan. Fisieke sig is een ding. Dis iets baie belangriks, Jesus weet dit. Maar Jesus weet ook dat dit elke mens se diepste begeerte is om ‘n nuwe en beter lewe te hê.

Lees Hebreërs 5:12–14. Wat leer ons hier oor ware opvoeding?

Vrydag

6 November

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, "Die toets van dissipelskap," pp. 57–65, in Skrede na Christus. Ellen White maak onder andere melding daarvan dat wanneer ons op die Leermeester reageer, "sal ons verlang om Sy beeld te weerkaats, Sy gesindheid te hê, Sy wil te doen en Hom in alles te behaag." (*Skrede na Christus*, p. 58). In die geselskap van Jesus Christus word diensbaarheid of plig 'n "vreugde", sê sy (Skrede na Christus p. 59). Slaan Matteus 5-7 na en lees die bergpredikasie, een van die wonderlikste opsommings van wat die Leermeester wil hê Sy studente moes leer, en die kernboodskap van die koninkryk wat Hy kom vestig het.

Vrae vir bespreking:

1. Net soos God met Adam en Eva, en Jakob, gepraat het, so praat Jesus met ons. Hy konnekteer met ons diepste begeertes, én Hy ontstig ons (soos met Bartimeus) om weer te besin oor wie ons is en waarheen ons op pad is. In die lig hiervan, bepeins hoe ons die Bybel aan ons kinders en vir mekaar leer. Wat is die verskil tussen middelmatige Bybelonderrig en die vasberade soort wat werklik 'n verskil maak in mense se lewens?

2. Is die vraag oor waar jy op jou lewenspad is 'n suiwer persoonlike vraag? Of kan dit dalk van waarde wees om hierdie vraag met mense te bespreek op wie jy sterk vertrou? Hoe stel die beeld van die kerk as "liggaam van Christus" *(1 Kor. 12:27)* dit voor dat ons 'n gesprek met ander kan hê sodat mens in kontak kan kom met dit wat Christus wil hê jy moet weet?

3. Ons het Donderdag geleer dat die oomblik toe Bartimeus kon sien, was hy verlos van sy fisiese (en geestelike) blindheid- hy het Jesus gevolg op die pad na Jerusalem. Op hierdie pad het hy elke dag van die Leermeester se wysheid gehoor. Ons kan nou aanneem dat hy Jesus se beeld wou weerkaats, Sy gesindheid wou hê, Sy wil wou doen. Soos Skrede na Christus dit stel, waarom sou iemand "vreugde" daaruit put om 'n hoë standaard te volg soos wat Jesus in die bergpredikasie verkondig het?

4. Bedink weer Donderdag se laaste vraag. Hoe leer ons onderskei tussen goed en kwaad? Hoe definieer ons goedheid? En boosheid? En waarom is dit wat ons met kennis doen, dalk selfs belangriker as om bloot die kennis te hê?